
Wes-Kaapse Regering



**BESLISSENDE OPTREDE OM**

# DIE WES-KAAP TE BESKERM

DIE WES-KAAPSE REGERING TREE BESLISSEND OP OM DIE NASIONALE BEK-EN-KLOUSEER (BKS)-UITBREKING HOK TE SLAAN.

*Fotokrediet: Freepik*

Bek-en-Klouseer is ‘n hoogs aansteeklike dieresiekte wat gesplete hoefdiere affekteer



Fotokrediet: Freepik

## BESLISSENDE AKSIE OM BKS HOK TE SLAAN

- Spanne is op die grond besig om ’n 21-punt-plan te implementeer om BKS te beperk en die ekonomie en werksgeleenthede te beskerm.
- Geaffekteerde gebiede is onder kwarantyn, met besmette diere wat deur Wes-Kaapse Regering (WKR) Staatsveeartse ingeënt word en beskermende maatreëls wat deur WKR Staatsveeartse aangemoedig word.
- Kontrolepunte is regoor die Wes-Kaap ingestel om die beweging van diere in geaffekteerde gebiede te beperk.
- Samewerking met boere, Agri Wes-Kaap, plaaslike munisipaliteite en wetstoepassingsowerhede om die verspreiding van BKS te voorkom vind plaas.

## WAT IS BKS?

- **BKS is ’n hoogs aansteeklike dieresiekte.**
- **Dit affekteer gesplete hoefdiere soos beeste, skape, bokke en varke.**
- **Dit veroorsaak pynlike sere in die bek en rondom die hoewe, wat lei tot kwyling, verlies aan aptyt en mankheid.**
- **BKS affekteer NIE mense nie en hou geen voedselveiligheidsrisiko in nie.**

## HOE VERSPREI BKS?

Die virus versprei maklik deur:

- Beweging van besmette diere (selfs voordat tekens sigbaar is)
- Voertuie, sleepwaens en toerusting
- Klerasie, skoene en hande
- Voer en diereprodukte
- Mense wat van besmette na nie-besmette plase beweeg

## BKS: WAARNA OM OP TE LET BY DIERE

- Blase of sere in die bek
- Oormatige kwyling of verlies aan aptyt
- Mankheid of sere rondom die hoewe


## WAT JY KAN DOEN OM DIE VERSPREIDING VAN BKS TE HELP KEER

- Moenie vee verskuif tensy dit wettiglik toegelaat word nie
- Moenie toerusting met bure deel nie
- Koop diere slegs van betroubare bronne
- Beperk toegang tot diere en, indien jy BKS vermoed, skei siek diere van die res van die kudde
- Maak gereeld alle areas, voertuie, skoene en toerusting skoon en ontsmet dit
- Meld enige vermoedelike simptome onmiddellik by jou naaste staatsveearts aan

## WAT WORD DEUR DIE WET VEREIS VIR BKS?


Ingevolge die Wet op Dieresiektes moet alle beweging van beeste, skape, bokke en varke vergesel wees van volledige dokumentasie, insluitend:

- ’n Gesondheidsverklaring vanaf die plek van oorsprong
- ’n Bestemmingsverklaring wat 28-dae-isolasie bevestig
- Alle veebewegings moet via die amptelike webtoepassing aangemeld word



Nie-nakoming is ’n oortreding. Indien jy enige gevalle van Bek-en-Klouseer vermoed, kontak jou naaste WKR Staatsveearts deur die QR kode te skandeer.

## BEK-EN-KLOUSEER-KAART




## WAAROM WORD SOMMIGE PADGEBRUIKERS VOORGEKEER?

- Gevalle van BKS is in dele van die Wes-Kaap bevestig
- Kontrolepunte is deel van noodbeheermaatreëls om die verspreiding van die siekte te voorkom en om vee, boere, werksgeleenthede en voedselsekerheid te beskerm.

### NUTTIGE SKAKELS

- Meld veebewegings aan: **https://tinyurl.com/AnimalMovementApp**
- Inligtingspakkette vir boere en vervoerders: **www.elsenburg.com/western-cape/infopaks/**
- Gereelde vrae oor Bek-en-Klouseer: **www.elsenburg.com/western-cape/frequently-asked-questions/faq-foot-and-mouth-disease/**

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU